DIE BEWYS VAN LIEFDE

DOEL: As 'n mens iemand liefhet, moet jy dit met dade bewys. ('n Les vir kleiner kindertjies)

1. Lees die verhaal vooraf in Markus 2:1-12 - "Jesus genees 'n verlamde man." Die storie word nie aan die kinders gelees nie, vergewis jouself dus van al die feite.
2. Vertel die storie met behulp van die volgende apparaat. (Sien onder aan bylaag 4)

Eenmaal was daar 'n verlamde man, wat net elke dag moes lê.
Omdat hy verlam was kon hy nie loop, soos ander mense nie.

Hy het ook nie 'n bed gehad waarop hy gelê het nie,
hy moes maar elke dag op sy matjie lê in sy huisie op die harde vloer.

Die verlamde man het vier goeie vriende gehad. (V vir 4)

Hulle besluit toe dalk kan Jesus ons verlamde vriend help, ons moet hom na Jesus toe dra. Hulle doen dit toe sommer dadelik, want hulle wou so graag hulle verlamde vriend help.

Hulle het gaan soek en soek en soek na Jesus. Bly Jesus dalk in 'n huis wat so lyk?

"Nee" sê die mense, julle soek verniet vir Jesus in 'n huis wat so lyk Jesus bly in 'n huis wat so lyk, met 'n platdak.

Hulle kry toe, na 'n lang gesoek die huisie met die platdak, , maar daar is verskriklik baie mense by Jesus. Hulle sien toe dat daar nie vir hulle 'n kans is om die verlamde vriend op sy mat by die mense verby te kry by Jesus nie.

Hulle gee egter glad nie moed op nie, hulle klim met groot moeite, met hulle verlamde vriend met sy mat  op tot bo-op die huisie se dak, en hulle laat sak hulle verlamde vriend met toue af deur die dak tot voor Jesus se voete

Toe Jesus sien hoe sterk hierdie verlamde man en sy vriende se geloof in Hom was, sê Jesus vir hom: "Verlamde man, ek vergewe jou sondes, neem nou jou bed op en loop.
Dadelik het die verlamde man gevoel hoe sy bene sterk raak en hoe hy kan opstaan en met lekker sterk bene kan loop!

Dink julle die verlamde man sou by Jesus kon kom as sy goeie vriende hom nie na Jesus toe geneem het nie?
Hoe kan julle vir Pappa en Mamma en boetie en sussie gaan bewys dat julle vir hulle baie lief is?
Hoe dink julle kan ons vir die kindertjies in die Makhatini, wat baie ver van ons af bly, wys dat ons vir hulle regtig lief is?

AKTIWITEIT: Voltooi die aktiwiteit op bylaag 2. Kyk na al die dinge wat ons vir ander mense kan doen om vir hulle te help, of om vir hulle te wys dat ons vir hulle lief is.



Elke ovaal is ongeveer 12 cm lank en 6 cm breed, waar die 2 ovale mekaar oorvleuel word dit aanmekaar geheg met 'n "split-pin." (Dit moet maklik kan beweeg.)

BYLAAG 4



Kleur die prentjies mooi in, knip die hele legkaart uit langs die donker lyn. Knip die legkaart-stukkies los langs die lyne aangedui. Jy kan weer jou legkaart by die huis gaan pak.

BYLAAG 2(b)